



Clifton: Ware kwessie is die lot van armes



Geestesake
Reggie Nel

Ek het met groot belangstelling en waardering Max du Preez en Cas Wepener se rubriek oor die Clifton-sage gelees. Dan volg ons die reaksie en kommentaar op sosiale media en besef: dis nog 'n lang pad – ons pad met ras.

Vanjaar sal dit weer opgevlekk en uitgebuit word in die verkiesing. Hoe onderskeel jy tussen geraas en insig? Woorde word op verskillende wyses gelees. Dit wek emosionele reaksies. Dit ontlok soms optrede wat nie heeltemal strook met wat (so dink ons) ooglopend aan die gebeur is nie.

My probleem, ook met Max en Cas se standpunte, is dat rassisme (weer eens) bloot gekleur word as 'n verhoudingsprobleem, selfs 'n (interkulturele) kommunikasieprobleem. As ons tog net mekaar se woorde en bedoelings beter verstaan!

Uiteraard sal dit baie help as ons almal aan verhoudings en kommuniksievaardighede kan werk. Maar die rasding sny dieper. Die geweld is dieper en die pyn lê op 'n vlak waar woorde, selfs ons beste poësie en prosa, nie kan raak (of heel) nie.

Optrede soos dié van die private veiligheids-

maatskappy roep dan

diepe ervarings van

pyn na vore en simbo-

liseer die strukturele

realiteit. Dit gaan oor

die vraag wie kan pri-

veet veiligheid vir

strande bekostig, en

wie die feilkens van

hierdie magospel is.

Ek moet erken ek is

nie werkelik geroyeur deur die "pyn" van diegene wat verwyder is nie. Die eintlike kwessie is tog eerder dié mense wat regtig nie op Clifton se strande kan kuier nie – omdat hulle in Desember nie werk of 'n inkomste het nie. Vir hulle was die township of selfs plakkarskamp maar hul voorland.

Terwyl mense die beste maak van hul omstandighede, gaan dit oor orlewing. Om op strande te kan kuier was nie eens op hul horizon nie. So, om op te ruk en die strande te reinig van rassisme en onreg gaan my nie werkelik aan nie. Die skape moet eerder geslag word sodat mense inveral arm swart gemeenskappe 'n gesonde ete het; datveral swart kinders veilig bed tot kan gaan met 'n magie wat gevul is. Dis die magte wat dié onreg teen hierdie arm gemeenskappe beskerm wat ons moet uitdryf.

So, rassisme gaan daaroor dat die omstandighede nog nie verander het vir die meeste swart inwoners van ons land nie. Dit gaan oor brood en botter, nie roomys en strandpartyjies nie. Jammer. Verskoon my dan maar van die proteskaksies en die slag van skape sodat ons as middelklas-professionele met 'n witbrood (of wynbottel!) onder die arm tog net gemoedelik met mekaar kan verkeer. Daai soort "aktivisme" met die mooi geskenkpapier, en meesleurende poësie en prosa – maar dan ook die heilige ywer om darem ook iets te mag beleef van die wit rykmanswêreld – gaan nie werkelik 'n verskil in ons land maak nie.

Wat wel 'n verskil maak, is betrokkenheid by afgeskepte swart gemeenskappe, insluitend die laaste 25 jaar. Goeie verhoudings en fyn gekunstelde kommuniksievaardighede bedek te veel sondes; dit verander nie noodwendig lewenskwaliteit nie. Dit is tyd vir direkte betrokkenheid en ware strukturele transformasie terwyl ons die volgende 25 jaar van die nuwe Suid-Afrika aanpak.

■ Nel is dekaan van die fakulteit teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

“

Om op strande te kan kuier was nie eens op hul horizon nie.

